

2 Johannes – Lewe in waarheid en liefde (1-13) – Inleiding vervolg – Francois Malan

Vers 2. Die sin in vers 1 gaan voort en volg op die hoofwerkwoord in v1: 'wat ek in waarheid liefhet...op grond van die waarheid wat in ons bly en vir ewige met ons sal wees.' Waarheid is die dryfveer en die konteks van alle Christelike liefde. Terwyl vers 1 van die Christelike waarheid gepraat het as 'n werklikheid, word hier gewys dat dit 'n krag is wat vir altyd in ons bly (vgl. Jer 31:31 Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê). Christene het mekaar lief, nie net omdat die waarheid oor God, wat Jesus aan ons geopenaar het, 'n opdrag bevat om lief te hê nie, maar omdat die waarheid in die kerk en die gelowige bly, en ons innerlik dring om tot liefdes-aksie oor te gaan (1 Jn 2:14 die woord van God bly in julle). Wat in Jn 14:15-17 van die Gees van waarheid gesê is, dat Hy vir ewig in ons kom woon, word hier van die waarheid self as 'n persoonlike invloed gesê. 1 Jn 2:21 het gesê dat die gelowiges die waarheid ken, en 1 Jn 5:20 dat hulle geroep is om in Hom wat die waarheid is te bly; 1 Jn 4:16 dat die God van liefde in hulle bly, deur die Gees wat Hy hulle gegee het; 'want die Gees is die waarheid' (Jn 5:6).

Die skrywer se opvatting van die waarheid is nie iets wat op sy eie los staan nie, maar betrek die moontlikheid van 'n intieme en voortgaande verhouding met God in sy gemeenskap met sy Seun en ook met ander mense (2 Jn 4,7,10-11). Die Heilige Gees oortuig ons deur die woord van God (Jn 16:8,13-14), sodat ons besluit om te glo dat Jesus God is wat vir ons gesterf het. Deur die voortgaande inwoning van die Gees is God aktief teenwoordig in die gelowige, en tot in ewigheid by hom/haar

(Jn 14:17,20,23).

'...en (die waarheid) vir ewig met ons sal wees.' Die 'ons' sluit almal in wat die waarheid ken (1). Die waarheid van God het gekom om in die gemeenskap van die gemeente te bly, en so lank as wat hulle die waarheid ken en aanvaar, so lank sal die onderlinge liefde in die gemeente bly. Die waarheid oor Christus is die fondament van wedersydse christelike liefde en die eenheid van die kerk as die huisgesin van God ons Vader.

3 Die brief-inleiding sluit met 'n seën, wat hier 'n belofte word: 'genade, barmhartigheid, vrede sal met ons wees...' met 'ons' sluit die skrywer homself by die belofte in, iets wat ongewoon is in die ander briewe van die Nuwe Testament.

Genade is die onverdiende liefde wat God aan sy skepsels bewys (1 Kor 15:9-10).

Barmhartigheid het dieselfde betekenis wat meer die gesindheid aandui; dit sluit ook God se getrouheid aan sy verbondsverhouding met die mens in, en, wanneer die mens ontrou word aan die verbondsverhouding, sluit dit ook God se vergifnis in (Lk 1:72). Dié twee uitdrukkings van God se liefde dui sy genade aan vir skuldiges en onverdienstelikes, en sy barmhartigheid vir hulle in nood en sonder hulp.

Vrede, die Joodse *sjaloom*, sluit verlossing en heelheid in, op elke terrein van die lewe, ook geestelik (Jes 26:3; Jn 14:27); dit beteken vrede met God, met ander mense en met jou self. Vrede verduidelik die karakter van ons verlossing; barmhartigheid ons behoefte daaraan; genade die vrye voorsiening daarvan in Christus. Johannes bevestig dat dié gawes van God met ons sal wees, dit sal ons deel wees. Dit is nie slegs 'n wens nie, maar 'n versekering dat God sy woord gestand sal doen.

'...van God, die Vader, en van Jesus Christus, die Seun van die Vader...' Die Vader en die Seun is die bron van ons lewe in liefde (1 Jn 4:19). Die 'Seun van die Vader' is 'n ongewone uitdrukking, en onderstreep die unieke verhouding van Jesus met die Vader, anders as die verhouding van gelowiges teenoor die Vader (in die Johannese geskrifte word die term 'Seun, *huios*, van God' slegs vir Jesus gebruik. Gelowiges word 'kinders, *tekna*, van God' genoem). Dit word ook beklemtoon teenoor die dwaalleraars wat die godheid van Jesus misken (1 Jn 2:22-23). Jesus is nie slegs die Christus, die Joodse Messias, nie, maar die Seun van God.

'...in waarheid en liefde.' God se seën van genade, barmhartigheid en vrede word alleen beleef in die ruimte van God se waarheid en liefde (vgl. hoe die Here Hom aan Moses geopenbaar het, ná Israel se sondeval met die goue kalf, Eks 34:6-8; en God se hoogste liefdesoffer vir die sonde van die wêreld met sy Seun aan die kruis, Jn 1:29). Gelowiges en die gemeente word geroep om mekaar in dié waarheid lief te hê en om in liefde aan dié waarheid vas te hou (vgl. Jn 13:34; 15:12-14). Ons liefde moet nie so blind wees dat ons nie ander se afwyking van die waarheid raaksien nie. Maar ons moet die waarheid in liefde teenoor mekaar verdedig, nie in 'n harde en bitter gees nie. Ons liefde word pap as dit nie met die waarheid versterk word nie; en ons waarheid word hard as dit nie versag word deur die liefde nie – So word die boodskap van die brief ingelei, nl. om in waarheid en liefde te leef (4-11).

Skrywer: [Prof Francois Malan](#)